**Sondag 28 Januarie**

| **Skrifgedeelte: Psalm 31 (1953-vertaling)** | **Fokusgedeelte: Psalm 31:3, 4** |
|---|---|

# Die Here is jou rots en bergvesting

In Psalm 31 is die smeking van Dawid in sy nood baie groot, só egter ook sy dank vir verlossing en vir die skuiling wat hy by die Here vind, soos by ’n rots en bergvesting (:3, 4).

Die Here se Woord kom nie met ingewikkelde redenasies of goedkoop advertensies of slagspreuke nie. In menslike, eenvoudige taal druk Dawid sy hulpkreet uit: Die HERE is vir my soos ’n rots; die HERE draai sy “oor” na my. Enigeen van ons kan begryp wat dit beteken wanneer die HERE sy oor na my toe draai: Hy luister na my nood; Hy bemoei Hom met elkeen van sy kinders.

Ons vind egter in Psalm 31:6 iets verder, naamlik hoe Dawid as profeet vooruitgryp na die laaste woorde van ons Verlosser, Jesus Christus, voor Hy die kruisdood gesterf het: *“Vader, in u hande gee ek my gees oor!”* (Luk. 23:46). Dit is woorde van vertroue, maar ook van vervulling. In volle vertroue gee Jesus Christus Homself aan sy Vader oor. Só word ook die profesie van die Ou Testament vervul: dat Hy as Onskuldige vir ons, die skul-diges, gesterf het. Dieselfde gebed van Psalm 31 het ook uit die mond van die eerste Christenmartelaar, Stefanus, gekom (Hand. 7:59).

Met Psalm 31 sien ons die troosvolle waarheid van die evangelie: Terwyl jy as gelowige nog in nood verkeer, en bid om redding, kan jy alreeds die Here dank en eer vir sy ver-lossende hand.

*Sing: Psalm 31-1:1, 4, 17*

*Dr. VE (Victor) d’Assonville (Marble Hall / Reformatorisch-Theologisches Seminar, Duitsland)*